Donderdag 27 Augustus
Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:1-22
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:11, 14; HK, Vraag 94

## Wie naby die Here leef, vlug vir afgodery

Die eerste gebod kom sterk onder die soeklig met die talle gode en godsdienste wat oor die media aan die orde gestel word. Die moderne afgodsdiens is baie vindingryk, meer verfyn en minder opvallend as van ouds, maar steeds teenwoordig. Terwyl towery die almag van God naboots, is waarsêery 'n nabootsing van God se alwetendheid. Boonop is bygeloof aan die orde van die dag: 'n swart kat oor die pad, onder 'n leer deurloop, 'n hoefyster bo jou deur vir geluk, die ongeluk van nommer 13 ... Net so kan jy maar kaartjies uit 'n hoed trek of balletjies laat opspring as jy jou geluk probeer vind en nie volkome op God vertrou nie.

Die geldgierigheid wat jou daartoe dryf, is afgodery. Party mense se god is selfs hulle maag (Fil. 3:19). Hierdie is die klein jakkalsies wat ons sieleheil en geloof vernietig. Die eerste gebod is nie negatief nie. Deur ons juis te waarsku wil God ons in die lewe hou. Hy wil hê dat ons Hom ten volle vertrou en vereer, soos mense wat deur Jesus Christus verlos is en in wie die Heilige Gees kom woon het. Satan speel 'n fyn spel.

Wees dus uiters versigtig, want daar is net een God en net een Middelaar tussen God en die mense, die Mens Christus Jesus (1 Tim. 2:5, 6). Dien Hom met oorgawe, met hart, siel, verstand en alle kragte. Die talle voorbeelde van afgodsdiens in die Bybel is immers bedoel om ons wat die einde van die tye beleef te waarsku.

*Sing: Psalm 19-1:4*

*Ds. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)*